# JEUG ALPHA: Sessie 10 – Hoe kan ek die bose weerstaan?

## Ekstra inligting:

Indien jy NIE die video clips kan gebruik nie, sal hierdie jou help met die sessie.

## 1. God versus satan:

Ek MOET hierdie weer vir julle verduidelik! Wat is die verskil in hoe God met jou werk, en hoe die vyand met jou werk, want dit sal jou help om te weet WIE met jou besig is, en WAT jy daarmee moet doen!!

| God versus satan | |
|---|---|
| **God se manier: Hy OORTUIG jou**<br><br>- Dit wat Hy van jou vra is duidelik, spesifiek, en wys na iets in jou lewe wat Hy wil hê jy moet VERANDER.<br><br>**God sê:**<br><br>- Ek het iets beter vir jou, hierdie is verkeerd, maar ek het jou vergewe en wil hê jy moet dit oorwin.<br><br>**God is vol hoop en liefde** | **Satan se manier: Hy BESKULDIG jou**<br><br>- Hy wil nie hê dat jy iets moet VERANDER nie, hy wil hê dat jy iets moet doen wat jou gaan seermaak, dalk nie nou nie, maar defnitief een of ander tyd.<br><br>**Satan sê:**<br><br>- Jy het alles opgemors, en daar is geen manier hoe jy hierdie kan regmaak, of hieruit kan kom nie. Jy is STUCK!<br><br>**Satan laat jou nikswerd en skaam voel, want hy veroordeel jou**! |

## 2. <u>WIE is satan?</u>

- Satan was geskape as 'n heilige engel (Jes 14:12), klaarblyklik die hoogste geskape engel (Eseg 28:12-14).
- Hy het arrogant begin word oor sy skoonheid en status en het besluit om 'n troon hoër as God na te jaag (Jesaja 14:13-14; Esegiël 28:15; 1 Timoteus 3:6).
- Satan se trots het aanleiding gegee tot sy val. Neem kennis van hoeveel "ek" stellings daar in Jesaja 14:12-15 voorkom. Omrede hierdie sondes van Satan het God hom verban uit die hemel.

- Satan het die heerser oor die wereld geword en die “krag” prins in die lug (Johannes 12:31; 2 Korintiërs 4:4; Effesiërs 2:2).
- Hy is ‘n aanklaer (Openbaring 12:10),
- ‘n Verleier (Matteus 4:3; 1 Tessalonissense 3:5)
- ‘n Bedrieër (Genesis 3; 2 Korintiërs 4:4; Openbaring 20:3).

Alhoewel hy uit die hemel verban was poog hy nog steeds om meer belangrik as God te word. Hy vervals alles wat God doen en hoop daarmee om die wereld se aanbidding te wen. Satan sal alles in sy mag doen om teen God gekant te wees en die sal ook geld vir almal wat God volg. Maar, Satan se lot is beslis – ‘n ewige lewe in hel (Openbaring 20:10).

## 3. Die goeie nuus:

- Jesus Christus het die wêreld oorwin
- Jesus het die werke van die duiwel verbreek
- Jesus het ons verlos uit die mag van die duisternis
- Jesus gee ons die oorwining deur Sy bloed
- Hy gee ons ook die wapenrusting om ons te help

## 4. HOE KAN EK DIE BOSE WEERSTAAN:

In die video clip het ons gehoor dat God vir ons wapens gegee het om te gebruik wanneer die vyand ons aanval. Hierdie wapens is bedoel vir ELKE kind van God, maar dit moet gebruik word, en jy moet OEFEN om dit te gebruik.

## Die Wapenrusing van God: Ef 6:14-18

Bly dan op julle pos, toegerus met die ***WAARHEID*** as gordel om julle heupe, die ***VRYSPRAAK*** deur God as borsharnas en die ***BEREIDHEID*** om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. Daarby moet julle altyd ***GELOOF*** as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. Sit ***VERLOSSING*** as helm op en vat die ***SWAARD VAN DIE GEES***, dit is die woord van God. Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig van al die gelowiges.

**Video Clip**: https://youtu.be/o7eC-W_XNyw

Die ‘bottom-line” van die wapenrusting is, dat hoe meer tyd ek in gebed EN in God se Woord, my Bybel spandeer, hoe meer gaan ek leer HOE om hierdie wapens te gebruik, want ek gaan die waarheid uit God se Woord ken, en sal dit kan gebruik wanneer die vyand my begin aanval.